Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9

Teksverse: 2 Korintiërs 9:8 en 13

Tema: Uit genade het jy oorgenoeg ontvang. Deel daardie genade deur oorvloedig te gee!

Liefdegawes...iets waarmee die meeste van ons groot geword het en wat ons ken. Dit is al só by ons ingedril dat ons "kollekte" moet gee dat ons dadelik na die dankgebed vir ons beursies gryp en `n noot of `n paar munte daaruit krap. Vergeet maar van wat die predikant aankondig ons na die liefdegawe gaan sing of waarvoor dit gaan. Ons moet gee en daarvoor staan ons gereed.

Daarom dat ek nie vandag in die preek gaan fokus op hoeveel ons moet gee nie en ook nie op hoekom daar iets soos liefdegawes moet wees nie. Ons weet al teen hierdie tyd dat elke deel van ons erediens iets moet weerspieël van ons lewe van elke dag. Daarom dat Paulus ook, toe hy vir die gemeente in Korinte oor hulpverlening vir ander gelowiges geskryf het, nie met die gemeente gepraat het oor hoekom hulle moet gee nie. Hy het by hulle stil gestaan oor die gesindheid waarmee hulle moet gee.

Wat in jou hart aangaan en hóé jy gee, is baie meer belangrik as die feit dat jy gee. Daarom dat 2 Korintiërs 9 nie vir finansieel-sensitiewes bedoel is nie, want dit maak elke verkeerde persepsie en gesindheid van jou bekend en dit stel jou voor God en hoe jy die genade sien wat jy in Jesus Christus ontvang het. Kan dit wees dat dit wat by my beursie in- en uitgaan iets verklap oor hoe ek God ervaar en hoe ek die verlossing in Jesus Christus leef?

Beslis! In 2 Korintiërs 9:13 sê Paulus dat dit wat jy gee `n bewys is van jou diensbaarheid en dat dit iets verklap van jou gehoorsaamheid aan die evangelie van Jesus Christus. Sien, deel van die evangelie van Jesus Christus hoor ons op `n besonderse manier in Johannes 1:16: *"Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang."* Die genade wat daar vir ons in die verlossing in Jesus Christus is, is nie net beperk tot my verlossing van die dood nie. Die genade wat daar vir my in die verlossing in Jesus Christus is, is ook `n verlossing tot `n lewe in die koninkryk van God waar alles wat ek is en het van God af kom en gerig is op die eer van God.

So, hoe jy as gelowige jou besittings, jou talente en jou lewe gee getuig van hoe jy die verlossing in Jesus Christus verstaan en hoe jy die koninkryk van God verstaan. Een van die predikante in die GKSA het hier in 2007 tot 2009 `n preek in die meeste van die gemeentes in die GKSA gepreek. In hierdie preek gebruik hy die voorbeeld van `n gesin wat op `n Sondagoggend oppad is erediens toe en dat die pa dan by die kafee stop en "boetie" stuur om `n koerant te koop sodat hulle "kleingeld vir kerk" kan hê. En sodra almal in die erediens hulle met hierdie beeld vereenselwig het, het die predikant gebulder: *"Kleingeld vir Jesus?!"*

Ek onthou persoonlik hoe ek nogal gegiggel het oor hierdie stelling, maar is dit nie dalk waar nie? Wanneer ons slegs kleingeld gee – en soms nog daarop trots is ook! – verklap dit nie dat ons dink dat ons verlossing "kleingeld" gekos het nie? Dink ons werklik dat ons verlossing vir Jesus kleingeld gekos het? Dit terwyl Hy sy lewe gegee het sodat ons genade op genade in oorvloed kan ontvang en ons verlos kan wees tot `n lewe in sy Koninkryk?

Ons bou maklik vir ons redenasies op vir hoekom ons spaarsaamig te werk moet gaan met dit wat ons het en hoekom ons nie te veel moet gee nie. Ander van ons gaan selfs sover om te weier om

beloftes te maak rakende ons dankoffers, want netnou gebeur daar iets en kan ek nie hierdie belofte nakom nie. En vanuit `n bloot menslike perspektief kan ons dit amper regverdig, maar dit is juis hier waar Paulus kom en ons babbel bars!

Luister mooi wat hy ons leer in vers 8 en watter belofte daar is: *"En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk."* Wil ons dan nie eerder die "dalk" van onsekere tye aanvaar, eerder as wat ons die belofte van die enigste onveranderende God aanvaar nie? God gee dan die belofte dat Hy by magte is om aan ons alles in oorvloed te skenk. Alles en dit nog in oorvloed ook! Soos sy genade in Jesus Christus oorvloedig is, só gee Hy ook vir ons oorvloedig.

Maar hierdie oorvloed van die Here moet ons in die regte verhouding gebruik. Hy gee vir ons oorvloedig sodat ons genoeg kan hê in alle opsigte en sodat ons volop kan bydra vir elke goeie werk. Ons het genoeg sodat ons oorvloedig kan bydra. Ons moenie oorvloedig hê sodat ons genoeg kan bydra nie! Dit is anders om. Dit is omgekeer. Dit is selfopoffering, ook wat my finansies en tyd betref. Sien, die manier waarop jy gee, dra iets oor van die genade van God wat Hy oorgedra het en hoe ons dit sien.

Wanneer ons oorvloedig het en net-net genoeg gee, verklap dit dat ons dink dat God net-net genoeg gegee het. Dan saai ons karig en oes ons karig, want dan kom die eer eerder aan ons toe as aan God toe. Dan gee ons om deur mense raakgesien te word, die ouderling en predikant gelukkig te hou of om my eie gewete te sus. Wanneer ons egter genoeg het, maar oorvloedig gee, getuig ons dat God ook in oorvloed vir ons verlossing gesorg het en dat Hy genade op genade aan ons gegee het. Dan getuig ons dat ons vertrou dat God sal voorsien in dit wat ek nodig het. Dan saai ons volop en oes ons volop want dan word God geprys en geloof oor ons gehoorsaamheid en mededeelsaamheid.

Calvyn het `n baie mooi beeld gebruik om hierdie gedeelte mee te verduidelik. Hy het gesê dat iemand wat volop van sy besittings gee soos `n boer is wat water in `n kanaal laat afloop. Ja, sy kosbare water loop weg, maar hy weet dat die oes geil op sy lande gaan staan! Só sal God ook vir ons `n groot oes gee wanneer ons volop saai.

Wanneer jy na die erediens huistoe gaan, vra jouself hierdie vraag af: honger en dors jy só na die eer van die Here, dat jy jou besittings sal weggee sodat Hy die eer kry? Of is jou eie sekuriteit en finansiële posisie van soveel belang dat jy eerder sal terughou as om oorvloedig te gee? Dit sal jou gesindheid en toewyding aan die Here bekend maak. Dit sal aan jou verklap hóé groot of hóé klein jy dink van die oorvloedige genade en versorging van ons Here.

Amen